# Meervoude
# Les 4

## Graad 3

Laerskool Mikro Kopiereg ©



Sê die meervoud.

# Meervoude

## WAT HET ONS AL GELEER?



Luister hoe die meervoud klink.

- Reël 1: Sommige woorde kry net 'n *s* by as ons die woord 'n meervoud maak.

 appel  appels

- Reël 2: 'n Kort klinker gevolg deur 2 medeklinkers, kry net 'n –e by.


wolk  wolke 

- Reël 3: As 'n woord 'n dubbelklank in het gevolg deur een medeklinker kry dit net 'n –e in die meervoud. Wanneer 'n woord 'n moeilike klank in het kry dit ook net 'n –e in die meervoud.

trein




treine



koei



koeie





# Meervoude

**Reël 4: As 'n woord 'n kort klank in het gevolg deur een medeklinker moet ons nog 'n medeklinker by sit en dan 'n -e**



Kort klank

a e i o u

Die kort, vet soldaat moet gaan veg in die oorlog. Maar omdat hulle klein is, gee ons vir die arme soldaatjies 'n ekstra geweer (medeklinker verdubbel) en 'n kospakke –e sodat hulle nie honger word nie.

**nar**




**narre**



**hek**



**hekke**



**vis**



**visse**



**ballon**



**ballonne**



**bus**




**busse**



# Meervoude

Flippie bl.17

| Een | Baie | Een | Baie |
|---|---|---|---|
| sak | sakke | hek | hekke |
| nar | narre | vel | velle |
| wasbak | wasbakke | plek | plekke |
| krap | krappe | ken | kenne |
| klas | klasse | web | webbe |
| plan | planne | stem | stemme |



# Meervoude

Flippie bl.17

| Een | Baie | Een | Baie |
| --- | --- | --- | --- |
| mik | mikke | stok | stokke |
| klip | klippe | kom | komme |
| blik | blikke | prop | proppe |
| vis | visse | ballon | ballonne |
| bril | brille | tros | trosse |
| akkedis | akkedisse | tor | torre |



# Meervoude

Flippie bl.17

| Een | Baie |
| --- | --- |
| ruk | rukke |
| stuk | stukke |
| kruk | krukke |
| mus | musse |
| bus | busse |
| nul | nulle |

Sjoe, dit was sommer baie woorde !!



## Skryf die volgende sinne oor in die meervoud.

1. Die nar dra groot sonbril en baie ballon terwyl hulle op fiets ry.
2. In die klas sit die seun en dogters op skoolbank.
3. Die mens op die bus dra mus en strikdas.
4. Die wasbak is vol skottel en bord wat gewas moet word.

Lekker werk !!

